1967?

*Prof. Weiss oor „verwerpers":*

# KUNSVRYHEID IS NIE ONBEPERK

(Pretoriase Redaksie)

DIE kunstenaar wat die samelewing met sy waardes verwerp, moet dit verdra as hy deur die samelewing verwerp word, het prof. P. F. D. Weiss, Direkteur van die Afrika-instituut en voorsitter van die Christelike Kultuuraksie, gisteraand in Pretoria gesê.

Prof. Weiss het die Nasionale Kultuurkongres van die C.K.A. toegespreek en gesê dat die kunstenaar 'n sekere vryheid moet hê, maar dat hy nie absolute onbeperkte vryheid kan hê nie.

Die kunstenaar is 'n lid van 'n bepaalde volk of kultuur, tensy hy hom bewustelik daarvan losmaak en 'n soort internasionalis word wat graag „in die geselskap van die wenners van die Nobelvredesprys van die afgelope jare wil verkeer", het prof. Weiss gesê.

Hy het gesê dat elke volk bepaalde waardes het wat hy hoog ag en handhaaf. Daar mag individue of groepe wees wat hierdie waardes ontken of verwerp, of 'n huigelagtige houding daaroor inneem. Hulle word egter deur die openbare mening veroordeel.

## Groter invloed

„Die kunstenaar kan ook in opstand kom teen sekere aspekte van sy kultuur, maar hy het 'n groter invloed en verantwoordelikheid as die gewone burger omdat hy die openbare mening kan beïnvloed.

„Dit hang af wie die sterkste is, en dit hang af of die kunstenaar die perke wat deur die waardes van die samelewing aan almal gestel word, oorskry," het prof. Weiss gesê.

„Ons het hier te doen met die vraag van die perke wat aan die vryheid van die kunstenaar gestel word. As die kunstenaar soos die liberalis onbeperkte vryheid vir homself opeis, of as hy soos die Dadaïste op die nihilisme afstuur, dan sal geen volk wat aan sy kultuurerfenis waarde heg, dit kan gedoog nie.

Een van die Sestigers het, volgens 'n onlangse berig in Dagbreek, gesê dat 'n Afrikaanse skrywer hom nie by die waardes van sy kerk en die Bybel hoef te hou nie.

„Ek hoop dat ook hierdie stroming wat in die afgelope aantal jare gepropageer is, by hierdie kongres bespreek sal word en dat 'n standpunt daaroor ingeneem sal word."

## Ons plig

Prof. Weiss het gesê dat dit die plig en verantwoordelikheid van elke Afrikaner is om sy aandag aan die bevordering van ons eie kultuur te wy. Ons moet onsself die vraag afvra of dit ons erns is met die Afrikaner se kultuurerfenis.

„Of staan ons onverskillig daarteenoor en wil ons toelaat dat dit verval, totdat ons saam met dekadente strome van die Weste ook onder die oordeel van die ondergang van die awendland staan?

„Of sal ons aan die wêreld wys dat ons nog die bloed van Hugenote en Geuse in ons are het, en weier om die rioolkonformiste of enige ander volksvreemde konformisme te duld?"



DR. J. D. VORSTER

# Boikot van dié soort literatuur voorgestel

'N BOIKOT teen die skrywers van „vuil literatuur" is gisteraand op die kultuursimposium van die Christelike Kultuuraksie in Pretoria deur dr. J. D. Vorster, Aktuarius van die N.G. Kerk se Algemene Sinode, aangevra. Hierdie skrywers en hul produkte moet nie met 'n sent ondersteun word nie, het hy gesê.

Niemand sal beweer dat die geelpers kommunisties is nie, maar die geelpers en die rooipers is halwe broertjies, kinders van een vader en twee moeders. Dis daarom dat hierdie soort letterkunde vandag so gestoot word en dat dit oral volgens vaste patroon geskied.

As 'n volk se morele standaarde afgetakel is en sy kuisheidsgevoel afgestomp is, as hy nie meer tussen goed en kwaad kan onderskei nie, is hy ryp vir oorname deur die donker magte van rewolusie.

In hierdie proses speel die volk se kunstenaars 'n sleutelrol. Die proses van verval begin altyd by die kunstenaars. As hulle 'n volk deur die mooi, die verhewe en die morele inspireer, kan hy nie ondergaan nie.

As hulle die onderskeid tussen goed en kwaad nie meer ken nie maar verkies om in die modder te vroetel, dan trek hulle 'n volk neer tot die dieptes van skande.